# KINDERKER LES: Woord Studie – Sonde

**Doel van les:**

Ons gesels hierdie kwartaal bietjie praat oor moeilike woorde wat in die Bybel voorkom.

**Nuwe Testament Bybelboek bewegings:**

- **Matteus** – Sit albei jou hande bokant jou kop in 'n kroon en laat jou hande afsak asof jy die kroon op jou kop sit. (Koningskap van Jesus - God het finaal kom wys wie die Koning van die konings en die Heer van die Here is.)
- **Markus** – Arms af, hande gevou voor jou en kop gebuig. (Beklemtoon Jesus as DIENSKNEG van God.)
- **Lukas** – Hou al tien vingers op, maak hulle toe en weer oop – tien uit tien - (Jesus is die perfekte mens, die Seun van die Mens.)
- **Johannes** – Maak asof jy 'n baba wieg en wys dan op na die hemel. (Jesus is die Seun van God. Beklemtoon Jesus se Goddelikheid. Hy is ten volle God.)
- **Handelinge** – Gebruik jou regterhand se wysvinger en middelvinger om op en af op jou linkerarm te loop. (Vestiging van die kerk. Evangelie van Jesus wat na die uithoeke van die aarde versprei is.)

**Sê:** Ek wonder wie kan nog die Tien Gebooie onthou? Wie wil probeer? Gee kans vir die kinders om soveel gebooie op te noem as wat hulle kan. Wat as ons almal saam die gebooie met die bewegings doen? Dit sal ons help onthou.

1. Daar is net een God. Jy mag nie ander gode behalwe vir My hê nie. (Hou een vinger op)
2. Jy mag nie 'n afgod maak of teken en dan voor dit neerkniel en dit god noem nie. (Hou net jou linker en regter wysvingers op. Buig nou die een vinger op en af soos iemand wat kniel voor 'n afgod. Onthou 'n afgod is iets wat vir ons belangriker as God is.)
3. Jy mag nie my Naam verkeerd of as 'n vloekwoord gebruik nie. (God is 'n Drie Eenheid. God die Vader, Jesus en die Heilige Gees. Hou drie vingers op en wys na elke vinger soos jy die Drie Eenheid noem. Bring dit nou na jou mond toe en plaas dit voor jou mond.)
4. Werk ses dae van elke week en rus op die rusdag. (Hou vier vingers aan een hand op. Maak asof die vier vingers nou 'n kussing is en lê met jou kop op die vier vingers.)
5. Eer jou pa en jou ma. (Hou een hand se vyf vingers op. Plaas dit nou op jou voorkop dat dit soos 'n kroon lyk.)
6. Jy mag nie moord pleeg nie. (Ses rym met mes. Hou vyf vingers op en dan die duim van die ander hand. Vou jou vyf vingers om die hand wat net die duim wys. Maak nou asof dit 'n mes is en druk dit na jou bors toe.)
7. Julle mag nie julle mans of vrouens sommer net so los as julle getroud is nie. (Hou vyf vingers van een hand op en dan die wysvinger en middelvinger van jou ander hand. Laat die wysvinger en middelvingers om mekaar vou. Hulle bly by mekaar.)
8. Jy mag nie steel nie. (Hou weer die een hand op en dan die wysvinger, middelvinger en ringvingers van die ander hand. Met jou ander hand gryp jy daardie vingers om met dit weg te dra.)

9. Jy mag nie jok nie. (Maak asof jy iets agter jou rug wegsteek en skud jou kop. As ons iets verkeerds gedoen het, dan wil ons dit mos wegsteek en maak of ons niks gedoen het nie.)
10. Julle mag nie wens julle het iets wat iemand anders s'n is nie: soos iemand se huis, of sy kar of sy geld of speelgoed of enige iets van hom nie. (Hou albei hande op en maak asof jy gryp na goed in die lug.)

Die Tien Gebooie help ons om te weet wat God wil hê ons moet doen of nie moet doen nie. Dit help ons om te weet hoe om God en ander mense lief te hê.
Ek wonder hoeveel van ons kan sê ons doen nooit enige iets verkeerd nie? Wie kan dalk vir my sê wat is die woord wat ons in die kerk hoor, of in die Bybel van lees vir iets verkeerds doen? Dis sonde. Vandag gaan ons so klein bietjie oor sonde praat. Ek het so paar speletjies saamgebring om ons te help om bietjie meer te verstaan wat sonde beteken.

**Aktiwiteit 1: Teiken gooi:** Druk twee teikens uit en plak dit teen die muur. Deel die kinders in twee groepe op en gee vir elke kind 'n strooitjie. Hulle moet in twee rye staan, agter 'n lyn. Laat die kinders nou probeer om die middel van die teiken te tref met hulle strooitjies. Die kinders kan soveel beurte kry om die teiken te probeer raak gooi as wat die tyd toelaat.

**Aktiwiteit 2: Glasie doel:** Laat die kinders opdeel in pare. Gee vir elke kind 'n glasie en elke paar kry een ping pong balletjie. Die maatjies gaan staan in twee rye – hulle maatjie aan die oorkant van die vertrek, regoor hulle. Die maatjie met die balletjie gooi nou die bal na sy/haar maatjie en die maatjie probeer die bal vang met die glasie. Dan is dit weer sy/haar beurt om dit terug te gooi na die maatjie se glasie. Sodra die balletjie in die glasie is, kan hulle twee treetjies nader aan mekaar beweeg en weer die speletjie herhaal. Die speletjie hou so aan totdat die twee maatjies by mekaar staan.

**Vra:** Wie het nooit gemis nie? Wie kon elke keer die teiken raak gooi of die balletjie in die glasie kry? Die speletjies vertel ons iets van wat die Bybel oor sonde sê.

**Romeine 3:23 sê:** "Ons is sondaars. Nie een van ons lewe soos wat God wil hê nie." Wanneer ons verkeerde dinge doen, sê of dink leef ons nie soos God wil hê ons moet nie – ons mis die teiken.

Maatjies, daardie vers sê ook vir my dat ons almal verkeerde dinge doen. Kom ons dink gou aan die Tien Gebooie, wie kan alles altyd reg doen? Wie sal tien uit tien daarvoor kry? Daar sal gebooie wees wat ons breek al is dit nie almal nie. So mis ons God se teiken om reg te leef.

Maar wat is die probleem met sonde?

**Illustrasie: Sonde skei:** Jy benodig 'n klein glas, 2-ply toiletpapier, R1 muntstuk, 'n drupper en 'n rekkie. Skeur 'n blokkie toilet papier af en skei die toiletpapier se velle van mekaar. Plaas die een stuk toilet papier oor die glas en maak dit met die rekkie om die glas vas. (Dat dit gespan is soos 'n drom.) Plaas dan die muntstuk in die middel van die glas op die tissue. Suig met die drupper 'n bietjie water op en drup dan ongeveer 1ml water op die toiletpapier net rondom en langs die muntstuk. Na omtrent 30 – 60 sekondes behoort die toiletpapier te breek en die muntstuk in die glas te val. (Jy gaan bietjie moet oefen voor die tyd.)

**Wat jy gaan sê:**

God wil hê dat ons Sy kinders moet wees en dat ons baie naby aan Hom moet leef. Kom ons sê die glas is God en om in die glas te wees, is om baie naby aan God te wees. Sonde skei/ maak dat ons nie naby aan God kan wees nie. Kom ons sê die stukkie toiletpapier is sondes wat ons doen. Watter sondes kan julle aan dink? Kry terugvoering. (Plaas die toiletpapier oor die bokant van die glas en maak dit vas met die rekkie terwyl die kinders sondes opnoem.)

Kom ons sê die geldjie is ons. (Plaas die R1 in die middel van die toiletpapier.) Kyk hoe hou die sondes wat ons doen ons ver van God.

Kan julle sien hoe sleg sonde vir ons is? Dis mos dan baie beter om so naby as wat ons kan aan God te wees.

Ons het gehoor dat ons almal sonde doen en die teiken mis, maar weet julle dat ons wel weer naby aan God kan kom. (Neem die drupper met water en drup rondom die muntstuk. Wag vir die muntstuk om in die glas te val)

Jesus het aan die kruis vir ons sondes gesterf. Sy bloed was ons skoon van al ons sonde.
Ons kan ook weet dat kinders van God, die Heilige Gees het wat in ons hartjies leef om ons te help om te weet wat sonde is en om nie meer so baie sonde te doen nie. Ja, ons sal nog dinge verkeerd doen en God se teiken soms mis, maar ons kan altyd na God toe gaan en jammer sê. Ons hoef nie bang vir Hom te wees nie en ons hoef nie ver van Hom te wees nie.

Jy kan nou sit en jou ogies toemaak en vir God jammer sê as jy iets gedoen, gedink, gesê het wat jy weet God nie wou hê nie. As jy wil hê 'n grootmens moet saam met jou bid, kan jy agterbly en ons sal ook saam met jou bid.

Groepe sluit af met gebed.

.


5
6
7
8
9
5 6 7 8 9 10 9 8 7 6 5
9
8
7
6
5